DOOPVORM

brackenfell
'n Gemeente waar vriende ontmoet

Posbus 37, Brackenfell, 7561

Tel/Faks: (021) 981-1247
e-pos: kantoor@brackenfellgemeente.co.za
Webwerf: www.brackenfellgemeente.co.za

Liewe Ouers

Ons is saam met julle bly oor die kind wat die Here aan julle gegee het. Ons is ook bly dat julle van plan is om die kind te laat doop.

Lees asseblief die volgende vorm en verskaf aan ons die nodige inligting:

Reëlings rondom die doop

Die gemeente het 'n doopdiens elke eerste Sondag van die maand.
Doopouers moet asseblief 'n maand voor die doopdatum met die kerkkantoor skakel om die nodige vorm in te vul.
Nadat die vorm ingevul en aan die kerkkantoor terugbesorg is, maak u 'n afspraak met u wykspredikant vir 'n gesprek.
Indien u in 'n ander gemeente wil laat doop, volg u dieselfde prosedure. Die predikant sal dan 'n verlofbrief aan u uitreik.

Doopdiens.

Die doopbediening in ons gemeente is voor of na die preek en lyk as volg:

Lees van die Formulier
Oproep van doopouers
Antwoord op doopvrae
Sang (kinders word ingebring. Die mense wat die kinders ingebring het, kan sitplek inneem in die ouderlingsbanke / voor in die saal tydens die seremonie)
Bediening van doop
Sang (Kinders word uitgeneem en ouers neem Sitplekke in)
Indien u reeds ander kinders het is hulle welkom om saam na vore te kom as u opgeroep word.

BETEKENIS VAN DIE DOOP

By die doop is God aan die woord. God bevestig teenoor my dat Hy dit regtig bedoel as Hy my verseker dat Jesus Christus vir al my sondes aan die kruis gesterf het. Aan hierdie tasbare teken kan ek maar vashou. God gee dit. Hy weet hoe moeilik ons glo. Die Doop is nie 'n teken van my toewyding aan God nie. Dit is nie 'n teken van die mens se gehoor-saamheid of geloofsbesluit nie, maar die genade van God aan die mens. Die doop waarbor God se getroue toewyding aan my! Om die doop te verduidelik, praat die kerk daarvan as 'n teken en seël.

Teken: Die doopwater is ‘n eenvoudige simbool wat ons aan Golgota herinner. Net soos water ‘n mens skoon was, so reinig die bloed van Jesus ons van alle sonde.
Seël: Met die doop gee God sy erewoord dat HY sy woord SAL hou en ons SAL red.

Die Here gee die doop as waarmerk dat sy beloftes waar is. Die doop is God se handtekeing onder sy beloftes.

Die waarborg van God is tegelykertyd ‘n geskenk en ‘n opdrag.
Geskenk: Dit onderstreep God se onvoorwaardelike liefde vir ons.
Opdrag: Daarmee saam word ons opgeroep om die gawes wat Hy ons gee te gebruik en uit te leef.

Die doop roep almal wat gedoop is op om te lewe soos mense wat regtig van die mag van sonde vrygekoop is en aan Jesus Christus behoort.

DOOPBELOFTE
U gaan tydens die diens hardop op die volgende vrae moet antwoord. Ons vra dat u dit sal deurlees en seker maak u weet waarop u “JA” sê.

Ten eerste: Bely u dat, alhoewel ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?
Ten tweede: Bely u dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat ook in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die verlossing is?
Ten derde: Beloof u om hierdie kind, van wie u vader en moeder (of voog) is, in dié leer na die beste van u vermoë te onderrig en te laat onderrig.

Dienste in die gemeente ten opsigte van ons kinders:

Ons gemeente het baie ouers met jong kinders vir wie die bywoning van gewone eredienste dikwels moeilik is. Vir sulke ouers wie se kinders nog té klein is het ons moederkamers by die kerkgebou sowel as die sentrum.
Ouers wat saam met hul kinders die eredienste wil bywoon, kan gerus ‘n draai maak by die gesinsdiens Sondae om 9:00 in die sentrum.
Ons kinders is vir ons belangrik, daarom het on ongeveer 50 mense wat ons kinders en jongmense begelei in hul geloofsvorming.
Kleuterkerk: Sondae tydens die eredienste – 9:00 tot 10:00 in die kleuterlokaal
Graad 1-3 : Sondae tydens die eredienste – 9:00 tot 10:00 in die boonste kategese lokaal
Graad 4-5: Sondae na die oggend eredienste – vanaf 10:00 in die boonste kategese lokaal
Graad 6: Sondae na die oggend eredienste – 10:00 in die Ou Pastorie (Kerkplein)
Graad 7-10: Sondae na die oggend eredienste – 10:00 in die sentrum
Finale Jaar Katkisante: Soos ooreengekom met die Predikant(e).

DOOPINLIGTING *(vir invul deur ouers)*

VAN:..... TELEFOON NR (H): .....

STRAAT ADRES: .....

DATUM WAAROP U BEPLAN OM TE DOOP:.....

VADER

Volle Name: .....

Noemnaam: ..... ID Nr: .....

Selfoon nr: ..... Tel (w): .....

Beroep:.....

E-pos-adres: .....

Lidmaatskap oorgeplaas na Brackenfellgemeente? .....

Vorige Gemeente: .....

Gemeente waar u belydenis van geloof afgelê het: .....

MOEDER

Volle Name: .....

Noemnaam: ..... ID Nr:.....

Nooiensvan: .....

Selfoon nr: ..... Tel (w): .....

Beroep:.....

E-pos-adres: .....

Lidmaatskap oorgeplaas na Brackenfellgemeente? .....

Vorige Gemeente: .....

Gemeente waar u belydenis van geloof afgelê het: .....

HUWELIKSDATUM VAN OUERS:.....

KIND

Volle Name: .....

ID Nr: .....

ANDER KINDERS:

Volle Name	ID Nr
1.	.....
2.	.....
3.	.....
4.	.....

Vir Kantoor gebruik:

Lms by Brackenfellgemeente: Vader: Ja / Nee / In Transito
Moeder: Ja / Nee / In Transito

Predikant:

- ☐ Hannes van Wyk tel: 021 981 4023
- ☐ Johan Mocke tel: 021 981 1216
- ☐